# In die omgewing van my roeping : Deel 5
# Die Uitgestuurdes

**(Mark 3:13)** EN Hy het op die berg geklim en na Hom geroep die wat Hy wou hê, **en hulle het na Hom gekom**.

**(Mark 3:14)** En Hy het twaalf aangestel, **sodat hulle saam met Hom kon wees en Hy hulle kon uitstuur om te preek**

**(Mark 3:15)** en mag te hê om siektes te genees en die duiwels uit te dryf.

# In die omgewing van my roeping

1) Elke gelowige is geroep om die evangelie te verkondig.

**(Hand 2:1-4)** Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te

**(Hand 2:5-8)** Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. Verras en verbaas sê hulle toe: “Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal?

**(Hand 2:9-12)** Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het." Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: "Wat kan dit tog beteken?"

**(Hand 4:31)** Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig.

# In die omgewing van my roeping

1) Elke gelowige is geroep om die evangelie te verkondig.
2) Ons word uitgestuur deur die Gees saam gelowiges.

**(Joh 4:35-38)** Sê julle nie: ‘Nog vier maande, dan is die oes daar’ nie? Maar Ek sê vir julle: Kyk daar, kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes. Nou al ontvang die man wat oes, sy loon en samel hy die oes in vir die ewige lewe. So is die een wat saai, en die een wat oes, saam bly. Hier is die gesegde waar: ‘Die een saai, en die ander een maai.’ Ek het julle gestuur om 'n oes in te samel waaraan julle nie gearbei het nie. Ander het gearbei, en julle pluk die vrug van hulle arbeid.”

# In die omgewing van my roeping

1) Elke gelowige is geroep om die evangelie te verkondig.
2) Ons word uitgestuur deur die Gees saam gelowiges.
3) Die oes is groot maar die oes is ook gereed.